Hoe lyk dit met ’n persoonlike (DIGITALE) assistent vir dominee?

Marius Breytenbach
Marius Breytenbach is gemeentepredikant by Kleinmond NG gemeente en is versot op tegnologie en die aanwending daarvan in die bediening.

Not so long ago …
An application was for employment — a program was a TV show — memory was something that you lost with age — and if you had a 3½ inch floppy you hoped nobody found out.

Compress was something you did to garbage and not a file. And if you unzipped anything in public you’d be in jail for a while. “Log on” was adding wood to fire — “hard drive” was a long trip on the road. Cut — you did with a pocket knife. Paste — you did with glue and a virus was the flu!

I guess I’ll stick to my pad and paper and the memory in my head. I hear nobody’s been killed in a computer crash, but when it happens they wish they were dead!
(Uittreksel uit Carpe Mañana deur Leonard Sweet; Zondervan, 2001.)

Tegnologie het nie net ons woordgebruik kom verander nie, maar ook ons alledaagse maniere van dink en doen. Vir die wat vir die uitdagings daarvan kans sien (en vir nog ’n paar nuwe begrippe) bied PDA’s (persoonlike digitale assistente) ’n interessante nuwe opsie.

’n PDA is ’n elektroniese toestel ’n rapsie kleiner as ’n sigaretboksie wat op die oog af na ’n gewone sakrekenaar lyk. Maar met die druk van ’n knoppie kom ’n mens gou agter dat jy hier met veel meer te doen het as ’n rekenaar wat somme kan maak.

Daar is ’n paar PDA-modelle op die mark waarvan Palm en Pocket PC van die bekendste is. Ek wil in hierdie artikel in kort iets van die Pocket PC (PPC) vertel. ’n PPC is in reg ’n persoonlike huisrekenaar of laptop in jou sak! PPC word aangedryf deur 200-400 MHz Intel prosesseerders (afhangende van die model). Die meeste het ’n ingeboude stoorkapasiteit van 64 megagreep met poorte waar addisionele geheue (64, 128 of 512MB) ingeskuif kan word. Ek het ’n Hewlett Pacard 1910i Pocket PC met 64MB ingeboude geheue en ’n aparte kaart wat nog 64MB dra.

PPC is gebou op Windows se bedryfstelsel en lyk byna net soos ’n tuisrekenaar met die bekende Start Menu, Desktop ensovoorts. Outlook, Word, Excel en Explorer is standaard programme met die moontlikheid om Publisher, Powerpoint en MS Money aan te koop via www.microsoft.com. Daar is verder honderde ander programme wat van die internet afgelaai kan word en waarvan baie gratis is.

Ek het op ’n toetsprogram van 500KB afgekom wat jou PDA se infrarooi poort gebruik as afstandbeheer vir bykans enige TV en videomasjien. (Van die nuwer PPC modelle het dit as standaard.) Ek het ook ’n SMS-program afgelaai waar jy SMS’e op jou PDA skryf en dit met infrarooi na jou selfoon oorstuur om versend te word. Daar is baie gratis programme waar Bybels, kommentare en e-boeke en programme soos Acrobat Reader afgelaai kan word. PPC kom ook met Windows se MediaPlayer en kan MP3’s speel. Dit beteken dat jy musiek oor en weer tussen jou PPC en rekenaar kan stuur.

’n Mens vind jou weg deur op die skerm van ’n spesiale pen gebruik te maak waarmee jy skryf en opsies kies. In sekere gevalle kan ’n mens selfs met jou vinger opsies kies. ’n Mens kan op verskillende maniere skryf – deur ’n klein, elektroniese sleutelbord (keyboard), deur vryhand woorde te skryf terwyl die rekenaar dit in teks omsit (transcriber) of deur individuele letters wat in teks omgesit word (block or letter recognizer). Dan kan ’n mens ook in jou eie handskrif skryf en dit net so bewaar. Hierdie opsie is baie nuttig as jy gou iets wil neerskryf of ’n prentjie wil teken (ook in kleur).

’n Mens kan ook by enige dokument of nota stemopnames maak. My PDA het ’n knoppie aan die kant wat ek druk as ek ’n idee het en dit wil opneem of ’n nommer wil bewaar wat iemand my op ’n selfoon gee. ’n Mens kan ook nog ’n opvoubare sleutelbord aankoop (so klein soos ’n sigaretboksie wat oopvou in ’n laptop sleutelbord) wat onder jou PDA inskuif en ’n regte laptop daarvan maak.

Die PPC word deur ’n USB poort aan ’n rekenaar gekoppel en sinchroniseer inligting soos nuwe afsprake, kontakte en e-posse oor en weer. (Die PPC werk net met Windows 98 en hoër.) E-pos boodskappe wat op jou rekenaar is word op jou PDA oorgeplaas en jy kan nuwe e-pos boodskappe weer na jou rekenaar oordra. My laptop se infrarooi poort tel die PDA gou op as dit naby kom en sinchroniseer inligting outomaties. Die nuwer modelle maak gebruik van Bluetooth tegnologie waar inligting outomaties oor en weer gestuur word selfs al is die PDA ’n paar vertrekke weg van die rekenaar.

Hoe kan hierdie tegnologie my as predikant help? Hier is ’n paar maniere hoe ek my PDA gebruik. Aan die begin van die week laai ek relevante inligting oor my preek of ander inligting van die internet af. Buite ons dorp is ’n stil koffiewinkel waarheen ek wegglip om aan my preek te werk en leeswerk doen. Ek laai ’n CD op my PDA oor en terwyl ek met oorfone luister, lees ek op my PDA deur kommentare en stel my preek se raamwerk op Word op. Preke wat amper klaar is, word van my rekenaar op my PDA afgelaai vir wanneer ek in die week daaraan wil werk of daardeur wil lees. As daar ’n tydjie is, lees en beantwoord ek my e-pos op my PDA. Ek gebruik ook die PDA se MediaPlayer om musiek af te laai wat ek in my preek wil gebruik. Dit koppel maklik aan enige klanksisteem. Daar is ook die moontlikheid om dit aan ’n dataprojektor te koppel vir Powerpoint aanbiedings, hoewel ek dit nog nie self probeer het nie. Ek stoor ook belangrike dokumente soos kerkraadlyste, agendas en notules daarop. PPC het ook nou ’n PDA-foon op die mark en in die toekoms sal PDA’s en selfone geïntegreer word.

Die PDA se dagboek is maklik om te gebruik en die dag se afsprake word op die Desktop vertoon. Outlook het ’n goeie soekfunksie wat dit maklik maak om ou afsprake op te roep. Dis ook nuttig om die Task Manager te gebruik. Alle take wat die week gedoen moet word, word vertoon en herinner ’n mens as jy daarmee agter is. Foto’s van digitale kameras en selfs van videokameras of flieks kan vertoon word. Ek het by ’n winkel in die Waterfront gesien hoe die rolprent The Matrix daarop vertoon word.

Ek het die oorgang na 'n PDA maklik en eenvoudig gevind, maar ook kommentaar van mense gehoor wat die tradisionele dagboek verkies en nie van dié tegnologie hou nie. Daarom is die PDA bedoel vir mense wat weet dat hulle daarmee oor die weg sal kom. Dit is regtig nie ingewikkeld nie en verg net 'n tydjie van aanpassing, waarna dit die lewe vir 'n mens sommer baie makliker maak.

'n Paar ekstra gedagtes

(pryse wat genoem word, is in Januarie 2004 verkry)

Ekstra geheue is baie nuttig. Ek het 64MB bygekoop en dit voldoen aan my behoeftes. 64MB kos tussen R350 en R400.
'n Spesiale sakkie vir jou PDA is noodsaaklik en kan by plekke soos Incredible Connection gekoop word. 'n PDA word met stereo oorfone en sagteware vir jou rekenaar verkoop.
'n Mens kan pakkies met dun lagies plastiek koop wat op die skerm geplak kan word om dit te beskerm as daarop geskryf word. Dit hou lank en dis maklik om te vervang. Dit kos tussen R70 en R100 per pakkie.
Aparte sleutelborde is ook by Incredible Connection beskikbaar.

Onthou … jy moet nog self die preek maak, dit preek en die mense besoek. PDA's is slegs hulpmiddels wat jou bediening meer effektief kan maak. Ek vind dat dit my help om gefokus te bly op dit wat ek die dag of week vir my uitgesit het. Dit het my veral na die lees van Steven Covey se boek "The Seven Habits of Highly Effective People" (Simon and Schuster, 1990) in 'n produktiewe roetine gehelp. Die verleiding bly egter groot om dit 'n speelding te maak en dit met styl tussen ander dominees oop te slaan. Kyk maar in kerkraadvergaderings of die predikant werklik op sy PDA met kerksake besig is en nie met Solitaire of van die ander vele opwindende speletjies nie!

PDA's se pryse het drasties gedaal en daar is van tyd tot tyd winskopies beskikbaar. 'n Mens kan tussen R1700 en R5000 'n paar modelle vind. Die model wat ek het (HP Ipaq 1910) was op 'n tyd vir R2400 by Incredible Connection te koop.

'n Paar webruimtes om te besoek:

Gaan na www.google.com en tik woorde in soos PDA, Pocket PC, free software PDA of religion PDA.
Kyk vir programme op www.pda.tucows.com.
Besoek www.olivetree.com. Daar sal jy vele gratis Bybels kry, asook die nuwe Afrikaanse vertaling wat teen $6 aangekoop en afgelaai kan word.
Besoek www.mp3google.com en laai bykans enige musiek gratis af of koop dit aan om op jou rekenaar of PDA te stoor.

So, hoe lyk dit met 'n persoonlike digitale assistent? Kontak my by 0823766053 of breyten@bigfoot.com vir meer inligting.